GGSA Nuusbrief
GSSA Newsletter

Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika - Wes-Kaap
Genealogical Society of South Africa - Western Cape

Uitgawe/Issue 2015/4

Inhoud/Contents

Editors Message	*1*
Vergaderingsnuus	*1*
Vergaderingsnuus (vervolg)	*2*
Vergaderingsnuus (vervolg)	*3*
GGSA Noord Tvl toer	*3*
2016 toere/tours	*4*
Xmas stocking/Kerskous	*4*
Xmas stocking/Kerskous (vervolg)	*5*
Xmas stocking/Kerskous (vervolg)	*6*
Newsflashes	*7*
Genealogical Humour	*8*

Committee Members and Collaborators

Chairperson:
Andrew Kok
082 500 6758
jakok99@gmail.com

(Continued)

Message from the Editors

We wish you all a very happy Christmas and especially a prosperous, healthy and safe New Year

Simone Kay and Phil Beck

Vergaderingsnuus/Branch News - Oktober/October

Maandbyeeenkoms: Saterdag 10 Oktober 2015, 14:00

Foto: Ode Krige en haar publikasie oor Carl Otto Hager

Ons spreker was taklid Ode Krige wat ons meer vertel het van haar publikasie Carl Otto Hager (1813-1898) – Argitek tot eer van God.

Carl Otto Hager is in 1813 in Dresden gebore, het weinig vordering gemaak met sy skoolwerk, maar as bedrewe in tekenkuns wat daartoe lei dat hy argitektuur studeer. Hy votooi sy studies in 1834, maar sukkel om werk te kry weens sy gebrek aan ondervinding en wend hom tot kryt- en potlood-studies, later olieverfportrette *(foto regs).*

In 1838 verhuis hy na die Kaap waar hy vir nagenoeg 25 jaar rondval om 'n bestaan te maak – portrette skilder; die bakkersbedryf betree; bliktrommels vernis en blommetjies daarop verf; tekenlesse gegee; blomme en swewende nimfe op bedskerms verf; snuifmaker, kersmaker ...

In 1841 ontvang Carl Sparrman opdrag om planne te teken vir St Mary-katedraal op Stalplein, Kaapstad. Hy benodig Hager se hulp en bied hom 'n vennootskap aan. Hy word egter teen Sparrman gewaarsku en aangeraai om sy eie naam in die geheim êrens op die planne te skryf. Gelukkig het die goedgelowige Hagar dié raad aanvaar. Toe Sparrman later bankrot speel en Hager in diskrediet wou bring, kon hy bewys lewer van sy aandeel in die bou van die katedraal.

In 1842 koop W A Krige 'n perseel op die terrein van Stellenbosch Moederkerk en vra vir Hager om vir hom 'n grafkelder te ontwerp en te bou.

Adres/Address: Posbus/PO Box 4674, Tygervallei 7536
Telefoonnavrae/Telephonic enquiries: Andrew Kok 082 500 6758
E-pos/e-mail: weskaap@ggsa.info Webadres/website: www.genza.org.za
Facebook: http://www.facebook.com/pages/GGSA-Wes-Kaap/

Committee Members and Collaborators

Deputy chairperson:
David de Klerk
023 342-8044
mdavid@artslink.co.za

Cemetery Project:
Alta Griffiths
083 948 5207
021 975 5491
024689@pinnaclespot.co.za

Photographer:
André van Wyk
073 505 3535
021 706 1747
andrevw@telkomsa.net

Secretary:
Anton Verwey
084 330 1180
anton@amelia.co.za

Exhibition Team:
Engela van Dyk
021 903 7828
cato@telkomsa,net

Capensis Advisor:
Sasa Malan
021 887 4487
ogmalan@gmail.com

Facebook:
Mariana Olivier
082 438 9591
021 557-4355
omariana@lantic.net
(Continued)

Vergaderingsnuus/Branch News - Oktober/October (vervolg/continued)

In 2007 kry Ode se man, Johan Krige 'n nasaat van W A Krige, goedkeuring om die grafkelder in sy oorspronklike vorm te herbou en die binneruimte in te rig met 138 nissies vir gebruik deur die Krige-familie.

Die boek is die eerste Afrikaanse vertaling van sy lewensherinneringe wat hy geskryf het sonder die nodige leestekens en in 'n geradbraakte taal, 'n vermenging van Nederlands, Duits en die omgangstaal van die tyd.

'n Lys van al sy bouwerke vanaf 1841 word as 'n bylae in die publikasie gegee. Belangstellendes kan die publikasie by Ode bestel @R270.00, plus R40.00 posgeld met opspoornommer.

Kontakbesonderhede:
021 883-8445 (Stellenbosch)
084 683 8445
ode.krige@caledonvilla.co.za

Vergaderingsnuus/Branch News - November

Monthly Meeting:Saturday 14 November 2015, 14:00

Our guest speaker was Grant McNulty *(photo left),* team member of the Five Hundred Year Archive – a project of the Archive & Public Culture Research Initiative based at the University of Cape Town.

Dit was ook die bekendstelling van taklid Ria van den Heever se publikasie: 'n Keyter – Borcherds Collage. Die ontmoeting tussen die twee families. Sien **For the Christmas stocking/Vir die Kerskous** vir meer inligting hieroor.

The focus of the Five Hundred Year Archive (FHYA) is the 500 years before the colonial era with the regional focus on southern Swaziland, KwaZulu-Natal and the North Eastern Cape.

As this period predates written sources, use has been made of physical objects, often dispersed across the globe, as well as other sources relating to this period, such as publications and recordings.

The primary aim of the FHYA is to create an accessible online research portal opened to public comment (scheduled for mid 2016).

For more information about the FHYA visit:

http://www.mcnulty.co.za/2013/06/22/five-hundred-years-online
http://www.apc.uct.ac.za/apc/research/projects/five-hundred-year-archive

Example from Grant's presentation – results using the search engine 'brass': *(picture right)*



Selecting an object will open a link containing more information about the object.

1 Objects from Ethnographic Collection.
2 Archaelogical Remains.
3 Objects from an Art Gallery.
4 Textual references from A.T. Bryant's 'Olden Times in Zululand and Natal' (1929).
5 Izithakazelo (clan praise names) contributed by people from clan concerned.

Committee Members and Collaborators

Sergeant-At-Arms:
Pam Beck
021 976 2380
becksx2@gmail.com

Capensis Distribution:
Max White
021 785 1650

Treasurer:
Paul le Roux
082 578 3050
021 863 4928
paultjie@mweb.co.za

Branch Librarian:
Rini Scheffler
021 930 4881
cjscheffler@lantic.net

Capensis Editor:
Phil Beck
082 467 7805
becksx2@gmail.com

Technology & Communications
Simone Kay
084 592 5935
021 592 5935
simonek@mweb.co.za

Vergaderingsnuus/Branch News - November (vervolg/continued)

Selecting the pot *(photo right)* will open a window with more information about the pot, such as information about the person who created/collected the pot, the current location, additional information obtained from research and public comments.
In Grant's example there were two public comments:

The 1st: These are actually made out of bone and should be called 'amapsumpo'.
The 2nd, a reply to the 1st: No, they are correctly labelled as made out of wood and should be called 'amapsumpa'.

GGSA toer na Weskaap

Dit is al 'n jarelange tradisie dat die Noordelike takke die Kaap kom besoek om navorsing te doen by die Argief te Roelandstraat, GISA te Stellenbosch en die Hugenote vereeniging in Franschhoek.
The tours are arranged by Ellen Harmse. It is also tradition that the Northern branches' members and the Western Cape members have a social get together. This year was no exception.
Ellen het gereel dat die 2 takke op 'n bustoer geneem word om die Skiereiland en Kaappunt via Simonstad. 'n Toergids was byderhand om die passasiers in te lig oor die interessanthede langs die roete.
Western Cape members were asked to each prepare a picnic basket for 2 people and they were then paired with a Northern member to share said basket.
Dit was groot pret en baie gesellig. Dit was 'n goeie geleentheid vir lede om mekaar te leer ken en bande te smee.

Foto bo: Ellen Harmse

Foto bo: verskeie Noord Transvaal en Weskaap lede

Foto bo: Weskaap taklid Gerty Leach by die standbeeld van Just Nuisance in Simonstad

Ellen is also expanding her tours and the week following the Northern Transvaal tour, she also played host to a group of Western Cape members who expressed a desire for a similar tour.

2016 Toere/Tours

Gedurende **2016** is die volgende toere in die pyplyn:

1. **18-22 April** : Wes-Kaapse Argiewe (KAB, GISA & Hugenote of Drakenstein Heemkring) vir Kapenaars en ander met eie vervoer en akkommodasie. Koste in die omgewing van R800 per lid.
2. **21-26 Augustus**: Wes-Kaapse Argiewe (KAB, GISA & Hugenote of Drakenstein Heemkring) vir lede uit ander provinsies waarby vlugte, busvervoer, akkommodasie, twee etes per dag, toegangsgelde ens. ingesluit is. Koste in die omgewing van R7,000 per lid.
3. **23-28 Oktober**: Gautengse Argiewe (TAB, LDS & Erfenisstigting) vir lede uit ander provinsies waarby vlugte, busvervoer, akkommodasie, twee etes per dag, toegangsgelde ens. ingesluit is. Koste in die omgewing van R6,800 per lid.

OF

24-28 Oktober: Gautengse Argiewe (TAB, LDS & Erfenisstigting) vir lede wat oor hul eie akkommodasie en vervoer beskik. Koste in die omgewing van R650 per lid.

OF

23-26 Oktober: Bloemfontein se Argiewe (VAB en Oorlogmuseum) waarby busvervoer uit Gauteng, akkommodasie, twee etes per dag, toegangsgelde ens. ingesluit is. Koste in die omgewing van R4,500 per lid.

Deposito's is betaalbaar vanaf 1 Januarie 2016. Om jou plek op een van die toere te verseker en om beplanning te vergemaklik of om meer uit te vind en om betyds op die poslys geplaas te word, kontak Ellen by eharmse@mweb.co.za

During **2016** the following tours are considered:

1. **18-22 April** : Western Cape Archives (KAB, GISA & Huguenots or Drakenstein Heemkring) for members who can provide their own transport and accommodation. Costs approximately R800 per member.
2. **21-26 August**: Western Cape Archives (KAB, GISA & Huguenots or Drakenstein Heemkring) for members from other provinces including flights, bus transport, accommodation, two meals per day, entrance fees, guides etc. Costs about R7,000 per member.
3. **23-28 October**: Gauteng Archives (TAB, LDS & Erfenisstigting) for members from other provinces including flights, bus transport, accommodation, two meals per day, entrance fees, guides etc. Costs approximately R6,800 per member.

OR

24-28 October: Gauteng Archives (TAB, LDS & Erfenisstigting) for members who can provide their own transport and accommodation. Costs approximately R650 per member.

OR

23-26 October: Bloemfontein Archives (VAB en Oorlogmuseum) including bus transport, accommodation, two meals per day, entrance fees, guides etc. Costs approximately R4,500 per member.

Deposits are payable from 1st of January 2016 onwards. To ensure you of a place on one of the tours and to make planning easy or to find out more and to be placed on the mailing list, contact Ellen at eharmse@mweb.co.za

For the Christmas stocking/Vir die Kerskous

Geslagsregisters van die CELLIER, CELLIERS, CILLIE, CILLIÉ EN CILLIERS families in Suid-Afrika

Hierdie publikasie is nommer 7 in die Genealogiereeks van die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika en beslaan 999 bladsye wat in Deel 1 en Deel 2 verdeel is.

Opsomming van die inhoud van die publikasie met die aantal bladsye tussen hakies:

Stamboom (635): 11 723 nasate van die stamouers Josué Cellier en Elisabeth Couvret; 148 nasate van LASCELLES- en ZEELIE-nasate wie se van na Celliers, Cillie en Cilliers verander het; en 656 nasate wat nie met sekerheid in enigeen van die stambome geplaas kon word nie.

Alfabetiese Indeks (315): 20 730 name van nasate, gades en skoonouers.

Stamouers Josué Cellier en Elisabeth Couvret se verhaal met beeldmateriaal en bronverwysings (14).

Persoonlike bydraers (15): Naamlys van 783 persone wat bygedra het tot die publikasie.

Voorwoord, Inleiding, Verduidelikende Notas, ens (20).

For the Christmas stocking/Vir die Kerskous (vervolg/continued)

Hoofdoel van hierdie publikasie

Die samevatting van hoofsaaklik ongepubliseerde navorsing in een publikasie.

Die oudste ongepubliseerde navorsing in hierdie publikasie dateer uit 1939 en is by die Hugenote Gedenkmuseum in Franschhoek verkry.

De Bruyn Cilliers (1947-1999) het in 1980 met sy navorsing begin, maar hy is oorlede voordat sy navorsing gepubliseer is. Dit is in hierdie publikasie opgeneem.

Daniel Abraham (Proppie) Cilliers (1941-2008) het in 2000 en 2004 saamtrekke gereël waartydens inligting ingesamel is, maar hy is oorlede voordat hierdie inligting gepubliseer is. Dit is ook in hierdie publikasie opgeneem.

Die twee outeurs, Barend (Ben) Cilliers en Mariana Olivier, het bostaande navorsing aangevul met hul eie navorsing

Amptelike vrystelling

Tydens die Algemene Jaarvergadering (AJV) van die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika op 24 Oktober 2015 om 10:30 in die NG Kerksaal, Franschhoek.

Prys en bestellings

Die prys van die volledige stel is R500 (plus R50 vir posgeld en verpakking, binnelands en R220 buitelands, landpos). Lewenslange lede van die Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika kan een stel aankoop teen 'n prys van R370 (plus posgeld en verpakking, R50 binnelands en R220 buitelands, landpos).

Erkenning vir hul bydrae aan lede van SAGenealogie in die publikasie:

Abrie DU PLESSIS, Adela MEYER, Aletta Magrieta (Rita) QUEBBERMANN, André & Claudie JOOSTE, Anne LEMKUHL, Annelie ELS, Dora OPPERMAN, Ernest BESSINGER, Faan NAUDÉ, Francois SMITH, Graham NAUDÉ, Heinrich MIELMANN, Herman LABUSCHAGNE, Louw VAN DEVENTER, M C (Chris) MEYER, Magda VAN TONDER, Mike MYBURGH, Ockert FOURIE, Paul BOSMAN, Petrus FOURIE, Piet DU TOIT, Tertia WATSON en Willieta DE SWARDT.

Sien gerus: http://www.hugenoot.org.za/publikasies.htm

DIE DU PREEZ-FAMILIE IN SUID-AFRIKA

Die Du Preez-familie in Suid-Afrika, saamgestel deur MHC du Preez is die agste in die Genealogiese Publikasiereeks van die Hugenote-Vereniging. Dit is 'n bygewerkte en opdateerde weergawe van Thys du Preez se aanvankilke publikasie, *Die Du Preez-familie in Suid-Afrika: 1688-1988*. Laasgenoemde is in 1988 uitgegee tydens die 300-jarige gedenkjaar van die aankoms van die Hugenote in Suid-Afrika. Hierdie werk het aan hom die DF du Toit Malherbeprys vir Genealogiese Navorsing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besorg. Hierna is die werk in 2004 na Engels vertaal en groei dit tot 899 bladsye. Hierdie nuwe uitgawe het nou gegroei na 1508 bladsye en met 18 842 inskrywings. Dit beslaan nou drie volumes. Deel 1 handel oor die stamvader en sy seuns se vestiging in Suid-Afrika en 'n groot deel word ook gewy aan die du Preez's se deelname aan die Anglo-Boereoorlog. 'n Naamindeks word ook in Deel 1 weergegee. Deel 2 en 3 bevat die familieregister. 'n Hele aantal foto's is ook ingesluit in die werk.

Die stel van drie boeke kos R750 (plus R60 vir posgeld en verpakking, binnelands, posgeld R270 (seepos) buiteland. Lewenslede van die Hugenote-Vereniging van SA kan een stel aankoop teen R500 (plus R60 vir posgeld en verpakking, binnelands, posgeld R270 (seepos) buiteland). Sien gerus: http://www.hugenoot.org.za/publikasies.htm

Hercules des Pres, SV/PROG

Also Known As:	""du Preez" Hercules"; des Prez"	Immediate Family:	Son of Hercule Francois du Pre de Contrai & Catharina De Contrai
			Husband of Cecilia d'Atis, SM/PROG
Birthdate:	circa 1645		
Birthplace:	Kortrijk, West Flanders, Flanders, Belgium		Father of Elisabeth du Preez, b1 SM; Hercules du Preez b2; Marie-Jeanne Theron, b4 SM; Francois-Jean du Preez, b4; Jacquemine Vivier, 5 SM and 1 other
Death:	November 22, 1696 in Paarl, Cape Winelands		Brother of Marie-Jeanne Du Pre and Elizabeth Des Prez
Place of Burial:	Paarl, Drakenstein, Western Cape	Occupation:	Tailor, Farmer, Huguenot farmer,

For the Christmas stocking/Vir die Kerskous (vervolg/continued)

Titel: 'n Keyter-Borcherds Collage. Die ontmoeting tussen die twee families.



Die boek het 'n aantreklike sagte omslag, ongeveer 200 bladsye in A4 formaat met so 60 kleurillustrasies en nog ander in swart en wit. Ek het dit so aantreklik en leesbaar moontlik probeer maak. Die skryftaal is Afrikaans met baie aanhalings in Engels en selfs Hollands.

Die storie fokus op die ontmoeting tussen die Keyter- en Borcherds families in die huwelik tussen Bernardus Johannes Keyter junior * 1856 en Wilhelmina Maria Elizabeth Borcherds ook * 1856. Ek behandel die voorsate van lede van die egpaar sowel as hulle nageslag., aan die hand van baie navorsing oor die familielede.

Fotos: Ria van den Heever met haar boek

Ek probeer om die leser meer te bied as 'n blote geslagsregister deur die familielede wat bespreek word uit te bou tot volledige mense deur informasie oor hul grootwordjare, opvoeding, onderrig, eggenote, beroepslewe,

persoonlikhede, waardes en verdere noemenswaardige doen en late, in te sluit.

Ek het moeite gedoen om bestaande informasie/ stories ens. op te volg wat soms gelei het tot stawing van die feite of andersins geen substans kon toevoeg nie. Stories het soms baie interessante draaie gemaak.

Daar is ook hoofstukke wat gewy is aan huldeblyke aan twee afstammelinge van die egpaar nl. Valerie Keyter en Ena Meintjes in voldoening aan 'n ooreenkoms wat ek aangegaan het met Ena voordat sy oorlede is. Meer daaroor word in die boek vertel.

Die verkoopprys van die publikasie is R250 plus posgeld per eksemplaar en kan van my bestel word. My e-posadres is riavdh@absamail.co.za en my telefoonnommer 021 930 1525/ 2721 930 1525

Ria van den Heever * Riana Johanna Potgieter d.v. Bernardus Keyter Potgieter en Maria Magdalena du Plessis.

Title: 'n Keyter-Borcherds Collage. Die ontmoeting tussen die twee families.

The book has an attractive soft cover, approximately 200 pages in A4 format, 60 odd illustrations in colour and more in black and white. I tried to present it as attractively and readable as possible. It is written in Afrikaans with many quotations in English and even in Dutch.

*The story focuses on the connection between the Keyter and Borcherds families in the marriage between Bernardus Johannes Keyter junior * 1856 and Wilhelmina Maria Elizabeth Borcherds also * 1856. I discuss their ancestors as well as their offspring.*

I try to offer the reader more than a mere register of names by elaborating on the childhood, upbringing, education, marriage partners, professional lives, personalities, values and further activities and traits worth a mention of the ancestors and family members included in the book.

I went to plenty of trouble to examine existing information and stories with a view to either verifying them and elaborating on them or discarding them. Stories sometimes took very interesting turns.

Further chapters are dedicated to two descendants of the couple, namely Valerie Keyter and Ena Meintjes, in compliance with an agreement made with Ena before her demise. More about that in the book.

The selling price is R250 per book plus postage and can be ordered from me. My e-mail address is riavdh@absamail.co.za. and my telephone number 021 930 1525/ 2721 930 1525.

*Ria van den Heever * Riana Johanna Potgieter d.o. Bernardus Keyter Potgieter en Maria Magdalena du Plessis.*

Wine, Women & Good Hope
A History of Scandalous Behaviour in the Cape
June McKinnon

"Wine, Women and Good Hope" is a romp through the more salacious history of the Cape of Good Hope, where alcohol flowed freely, reputations were frequently in tatters, and sex was on offer to anyone looking to have a good time. Even the likes of Jan van Riebeeck, Cecil John Rhodes and Barney Barnato feature in some of these accounts.



The arrival of the Dutch at the Cape in the seventeenth century had far-reaching consequences for its indigenous inhabitants as well as the European settlers, who together have contributed to the mixed heritage of most South African families. June McKinnon uses her expertise as a genealogist to trace the lineages of many well-known family trees and to overturn the notion that those who lived in the past were nobler or had more sense than their modern descendants.

Encompassing tales that are both humorous and tragic in their revelations of past misdeeds, this book will give you access to the little-known history of the Cape of Good Hope. A highly entertaining read that offers a fresh and engaging view of life at the tip of Africa.

[R200, Zebra Press, Paperback, 198 pages, ISBN-9781770229860]

Newsflashes

Members are reminded to renew their memberships for 2016. Renewals can be done electronically or cash payment at our AGM on 16 January 2016. For membership forms or banking details, please contact Paul le Roux at paultjie@mweb.co.za.

Nuut in die Biblioteek:

Cameron, Trewella, hoofred.
Nuwe geskiedenis van Suid-afrika
Hersiene uitgawe, 2de druk,1992
Kopiereg: Onderskeie bydraers, 1986
ISBN: 0 7981 2870 4

Geslagsregister van die Cellier, Celliers, Cillie, Cillié en Cilliers families in Suid-Afrika. Deel 1
1ste uitgawe, 1ste druk, 2015
Kopiereg: : Hugenote- Vereniging van SA, Franschhoek, 2015
ISBN: 978-0-620-66930-6

Geslagsregister van die Cellier, Celliers, Cillie, Cillié en Cilliers families in Suid-Afrika. Deel 2
1ste uitgawe, 1ste druk, 2015
Kopiereg: Hugenote- Vereniging van SA, Franschhoek, 2015
ISBN: 978-0-620-66930-6

Falls, Cyril, editor
Great Military Battles
Copyright: George Weidenfeld & Nicholson, 1964
ISBN: 0 905746 25 2

Hislop, Jim
Wheatfields and Windmills. The old homesteads and farms of Observatory and surrounds – Cape Town
First Edition 2014
ISBN: 978 0 620 61886 1

Steyn, Helene en Marie-Lou Roux
Die Volschenks. Drie geslagte kunskilders
Uitgewer: Stilbaai-bewaringstrust, 1992
Drukker: Mills Litho, Maitland
Kopiereg: : Stilbaai-bewaringstrust, 1992
ISBN: 0620 16400 X
Geskenk deur Engela van Dyk

To all our Members, a special thank you for bringing eats and snacks along to our meetings throughout the year. We really appreciate your dedication to our Society and your willingness to be of service.

We trust you will be energised and raring to go on January 16th, for our 2016 kick-off meeting, which is also the date of our Annual General Meeting.

Genealogical Humour



"Oh, yeah? Well *my* great-great-grandmother would have had it up to *here* with *your* great-great-grandfather!"



Cemetery of the unknown ancestor.



One-size-fits-all family tree.